

VERSLAG: BYWONING VAN BUITELANDSE INTERNASIONALE KONFERENSIES*

W.S. Prinsloo

Dit was my voorreg om in Augustus 1980 twee buitelandse internasionale konferensies oor die Ou Testament by te woon en ook 'n voordrag te lewer. Hierdie is 'n poging om die hoofmomente van die kongresse saam te vat en om dit wyer bekend te stel.

1 "Colloquium Biblicum Lovaniense XXXI"

Hierdie kongres het van 18-20 Augustus 1980 te Leuven in België plaasgevind. Die kongres is deur die "Katolieke Universiteit te Leuven" gereël. Alhoewel die kongres jaarliks plaasvind, word slegs elke derde jaar aan die Ou Testament afgestaan. Die sentrale tema by vanjaar se kongres was die boek Jeremia. Ongeveer honderd geleerdes uit alle wêrelddele het dit bygewoon. Die grootste gedeelte van die deelnemers was egter uit Frankryk, Duitsland, België en Nederland afkomstig.

Die standaard van die referate was oor die algemeen hoog en daar was ook ruim geleentheid om elke referaat indringend te bespreek. Aangesien al die deelnemers op een plek tuisgegaan het, was daar baie tyd vir akademiese diskussie en kon daar ook goeie kontakte met vakgenote gemaak word.

Die referate sal in die reeks "Bibliotheca Ephemeridum Theologicarum Lovaniensium" gepubliseer word.

Van die belangrikste temas kan die volgende genoem word: Die kronologie en tydsomstandighede van die profeet Jeremia; die teksgeskiedenis van Jeremia; die outeurskap en "Redaktionsgeschichte" van die boek; die verhouding van die boek tot Deuteronomium en die Deuteronomistiese geskrif; Jeremia se bydrae tot die Josia-hervorming; die opbou en teologiese hooflyne van die boek Jeremia.

Hierdie temas is natuurlik vanuit 'n verskeidenheid metodologiese gesigsboeke behandel.

Die volgende referate verdien spesifieke vermelding:

* Hierdie artikel is deel van 'n verslag wat aan die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing voorgelê is. Die bywoning van die kongresse is moontlik gemaak deur finansiële ondersteuning van die RGN en die Universiteit van Pretoria.

J Scharbert (München): "Jeremia und die Reform des Joschija":

Die meeste geleerdes stem saam dat Jer. 1-6 dateer uit die tyd van koning Josia. Die vraag is egter watter houding Jeremia ingeneem het teenoor die hervorming van Josia. Scharbert bespreek drie moontlikhede: Hy het die hervorming aangehelp en ondersteun; hy het afwysend daarteen gestaan; hy het geswyg daaroor. Na aanleiding van 'n studie van Jer. 1-6 kom Scharbert tot die gevolgtrekking dat alhoewel Jeremia saamgestem het met die Deuteronomis, hy nogtans skepties gestaan het teen die hervorming van Josia.

C Brekelmans (Leuven): "Jer. 18:1-12 and the deuteronomistic redaction":

Die referent is van mening dat die "Redaktionsgeschichte" die sogenaamde deuteronomistiese redaksie van die boek Jeremia gedurende die ballingskap oorbeklemtoon het. As gevolg hiervan is die ander redaksielae verwaarloos en gevolglik aan die deuteronomistiese redaktor toegeskryf. Brekelmans illustreer sy standpunt aan die hand van Jer. 18:1-12.

C F Whitley (Bangor, Wallis): "Jeremiah and historical crisis":

Die kern van die referaat kan soos volg saamgevat word: Jeremia het nie sy roeping in 626 ontvang nie, maar eers na die slag van Karkemis in 605. Die term "vyand van die noorde" dui op die Chaldeërs onder Nebukadneser. Hierdie historiese situasie verleen aan die bediening van die proteet 'n element van krisis.

J A Soggin (Rome): "Die Lade bei Jeremia":

Die referent bespreek die rol van die verbondsark in die boek Jeremia: Die ark het reeds voor 586 v.C. uit Israel se godsdienst en lewe verdwyn. Die ark is nie deur 'n soortgelyke objek in die post-eksiliese tyd vervang nie. Uit Jer. 3:16 kan afgelei word dat die ark beskou is as die troon van Jahwe. Geen ander feite oor die lot van die ark kan egter uit hierdie teks afgelei word nie.

Helga Wäppert (Utrecht): "Der Beitrag ausserbiblischer Prophetentexte zum Verständnis der Prosareden der Jeremiabuches":

Hierdie dame wat 'n deskundige op die prosaredes in Jeremia is, (cf. haar "Die Prosareden des Jeremia-buches", 1973.) het op skitterende wyse aangetoon dat die Nieu-Assiriese Heilsorakels (7de eeu v.C.) wat die boodskappe van

profete uit die regeringstye van Essarhaddon en Assurbanipal bevat, goeie vergelykingsmateriaal vir die prosaredes in Jeremia bied. Tipiese stilistiese kenmerke van die prosaredes in Jeremia soos herhalings, chiasmes en parallelismes kom ook by die buite-Bybelse profetiese tekste voor.

B Renaud (Strasbourg): "Jer. 1: Structure et Theologie de la Redaction":

Hierdie was 'n interessante referaat aangesien dit 'n klassieke voorbeeld is van die Franse strukturalisme. Hierdie benadering is veral bekend vir sy impressionistiese en a-historiese werkswyse. Renaud gee aandag aan die afbakening van die redaksionele eenheid; die struktuur van Jer. 1; die redaksionele komposisie en die teologie van die redaksionele komposisie. Renaud werk tipies strukturalisties: Alhoewel hy aan formele sake aandag gee, bied hy hoofsaaklik 'n "content analysis" aan. Hy werk veral ook met aktante en motiewe.

'n Baie interessante afdeling van die kongres, waaraan baie tyd afgestaan is, was die seminare. Die kongres is in drie taalgroepe naamlik die Franse, Duitse en Nederlandse/Vlaamse verdeel. Ek het meegedoen aan die Nederlandse seminar onder leiding van Prof Beuken (Amsterdam). In die seminar is eksegeese gedoen oor Jer. 14-15. 'n Mens kon ook jou eie eksegetiese metode toets aan die van die Nederlanders. Dit was verhelderend, dog my indruk (miskien ietwat subjektief) was dat die Nederlanders afsteek by die Duitsers wat wetenskaplike standaard betref. Die kriteria waarvolgens die struktuuranalise aangebied is, is ook nie duidelik genoeg uitgespel nie.

2 "Tenth congress of the International organization for the study of the Old Testament"

Hierdie kongres het te Wenen, Oostenryk plaasgevind vanaf 24-29 Augustus 1980. Dit is waarskynlik die heel belangrikste en grootste kongres van sy soort in die wêreld. Vierhonderd Ou-Testamentici van oral oor die wêreld, selfs vanuit Oos-Europa, het die kongres bygewoon. Die Universiteit van Wenen het vanjaar as gasheer opgetree vir hierdie kongres van die "International Society for the Study of the Old Testament" (I.O.S.O.T.) wat elke drie jaar plaasvind. Die I.O.S.O.T. is soos wat sy naam aandui 'n internasionale organisasie wat die wetenskaplike bestudering van die Ou Testament bevorder. Die bekende internasionale tydskrif "Vetus Testamentum" is dan ook die amptelike publikasie en mondstuk van I.O.S.O.T.

vanweë die omvang van die kongres, is verskillende referate gelyktydig aangebied. Naas die groot referate was daar ook die sogenaamde "Short communications" of kort referate. Dit was my voorreg om so 'n kort referaat getitel "Isaiah 14:12-15 - Humiliation, Hubris, Humiliation" te lewer. Dit is reeds aanvaar vir publikasie in die internasionale tydskrif "Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft." Die hoofreferate sal in "Supplements to Vetus Testamentum" gepubliseer word.

Daar was geen sentrale kongrestema nie, maar die hoofreferate is gelewer deur wêreldbekende geleerdes wat elkeen 'n spesialis op die vakgebied is.

Alhoewel die referate van wyduiteenlopende aard was, kan daar myns insiens twee belangrike tendense opgemerk word: Eerstens is daar 'n definitiewe poging om 'n alternatief te vind vir die geykte histories-kritiese metode. Dit geld veral ten opsigte van die "Pentateuchforschung" waar die bronnehipotese skerp onder die soeklig gekom het. Tweedens was dit opmerklik dat daar 'n hernude belangstelling in die Wysheidsliteratuur na vore getree het.

Die volgende referate verdien nadere toeligting:

E Zenger (Münster): "Tradition und Interpretation in Ex. 15:1-21"

By 'n analise van Ex. 15 moet die volgende probleme altyd in ag geneem word: Die relasie van Ex. 15:1b-18 en 15:21b tot mekaar; die relasie van 15:1-21 tot Ex. 14; watter betekenis het die "Traditionsgeschichtliche"-feit dat meeste van die motiewe en frases wat in 15:16-18 voorkom, ook verspreid in die Psalms, Jesaja en die deuteronomistiese tekste voorkom? Die referent antwoord bogenoemde vrae soos volg: (i) Die oudste element van Ex. 15 is v. 21b, 'n oorspronklik onafhanklike himne waar'n Jahwe geloof word vir die oorlogsoorwinning. (ii) Hierdie himne is sekondêr bygevoeg as afsluiting tot die Heilige oorlog (Ex. 14) en verkry eers na die byvoeging sy tradisionele Exodus-betekenis (iii) Ex. 15:21b is egter ook onafhanklik van hierdie narratiewe konteks gedurende die ballingskap uitgebrei tot 'n himne oor die Goddelikheid van Jahwe. (iv) As gevolg van 'n verdere na-eksiliese uitbreiding, geïnspireer deur die Sionsteologie en die Baälmitologie, is 'n verdere gedeelte bygevoeg.

W Mckane (St. Andrews, Skotland): "Relations between Poetry and Prose in the book of Jeremiah with special reference to Jer. 3:6-11 and 12:14-17"

Mckane wat reeds bekendheid verwerf het met sy kommentaar op Spreuke (Proverbs, OTL-reeks, 1970), pas sy basiese uitgangspunt en werksmetode nou ook op die

boek Jeremia toe. Die poësie is 'n "reservoir" vir die prosa en die woorde-skat van die poësie word hergebruik in die prosa. Sy standpunt is dus dat die poësie die nucleus is waaruit die prosacorpus ontwikkel. Mckane illustreer sy standpunt oor die verhouding tussen poësie en prosa aan die hand van Jer. 3:6-11 en 12:14-17.

O H Steck (Zürich): "Moses und Aaron. Der Biblische Stoff und seine Interpretation in der gleichnamigen Oper von A. Schönberg":

Steck wat saam met H. Barth 'n werk (Exegese des Alten Testaments, Leitfaden der Methodik, 1977) geskryf het oor die metodologie van eksegese kombineer in hierdie buitengewone referaat die Ou Testament met die musiekstad Wenen. Hy doen basies drie dinge in die referaat:

- (i) Onderzoek die teks van die opera wat deur Schönberg geskryf is.
- (ii) Onderzoek die verhouding van die opera tot die Bybelse teks.
- (iii) Probeer om die boodskap wat Schönberg via die opera wil deurgee, te identifiseer. Volgens Steck gaan dit by Schönberg om die identiteit van die uitverkore volk en om die identiteit van God soos beliggaam in die eerste twee gebooe. Schönberg pas die Bybelse teks aan deur komtemporêre taal aan te wend.

H Gese (Tübingen): "Komposition bei Amos".

Een van die hoogtepunte van die kongres was hierdie lesing van Gese waarin hy die opbou van dele van die boek Amos bespreek. Hy is van mening dat by die eksegese van poëtiese tekste die aspek van komposisie tot onlangs toe erg verwaarloos is. Komposisie is meer as net uiterlike vorm: Dit het saam met sake soos woordkeuse en styl direkte semantiese konsekwensies. Die doel van Gese se lesing was veral om die komposisie van die reeks visioene (7:1-9; 8:1-3; 9:1-4) te ondersoek en te vergelyk met die van die oordeelsgedigte (1:3-2:16). Hy vind by beide gedeeltes 'n onderliggende patroon van drie stadia. Die eerste twee stadia bestaan elk uit 'n identiese paar sodat daar eintlik 'n vyfvoudige verdeling gemaak kan word. Gese toon ook die relevansie van hierdie komposisie vir die inhoud aan, naamlik die verhoging van intensiteit.

R N Whybray (Hessle, Engeland): "The identification and use of Quotations in Ecclesiastes":

Dit word algemeen aanvaar dat Prediker aanhalings uit vroeëre Wysheidsliteratuur bevat. Die referent identifiseer hierdie gedeeltes en toon ook aan dat die Prediker baie van die insigte van die tradisionele wysheid aanvaar, maar dat hy terselfdertyd 'n nuwe en onafhanklike interpretasie daaraan gee.

A H J Gunneweg (Bonn): "Zur Interpretation der Bücher Esra und Nehemia - zugleich ein Beitrag zur Methode der Exegese":

A H J Gunneweg, 'n Nederlander van geboorte is die opvolger van die beroemde M Noth in Bonn. Hy word egter steeds deur die Duitsers as 'n "outsider" bestempel. Hy het veral in die laaste tyd bekendheid verwerf vanweë die verskyning van sy boek oor die hermeneutiek van die O.T. ("Von Verstehen des A.T.", 1977). Om die redes is daar 'n sekere verwagting gekoester vir sy referaat. Sy referaat was in 'n sekere sin 'n teleurstelling omdat daar min tereggekom het van die "Beitrag zur Methode der Exegese." Sy referaat het ook duidelik laat blyk dat sy belangstelling eerder histories as eksegeties is. Sy standpunt oor Esra-Nehemia is kortliks die volgende: Esra-Nehemia vorm een literêre geheel met I en II Kron. Esra-Nehemia moet op voetspoor van en as die gevolg van dit wat in I en II Kron. beskrywe word, verstaan word. Esra-Nehemia is 'n aetiologie van die post-eksiliese gemeenskap en die getroue bewaarder van Israelitiese tradisie. Esra-Nehemia is nie basies 'n polemiese geskrif nie, maar dit vertoon 'n afkerige houding teenoor alles wat vreemd is aan die ou tradisies.

H H Schmid (Zürich): "Auf der Suche nach neuen Perspektiven für Pentateuchforschung":

Die "Pentateuchforschung" en die bronnenteorie staan weer opnuut in die brandpunt van diskussie (vgl. die pasverskene boek van C Houtman: Inleiding in de Pentateuch, 1980). Schmid is een van die geleerdes wat intensief meesprek in die debat. Hy wys daarop dat baie geleerdes deesdae die gekyke bronnenteorie bevraagteken en doen dan 'n oproep tot hernude besinning oor die grondslae en vertrekpunte van die bronnehipotese. Die belangrikste eksponente van vorige "Pentateuchforschung" (Wellhausen, Gunkel, von Rad) se werk is bepaal deur hulle persoonlike voorveronderstellings. Dit is dan ook die hoofdoel van die referaat om die voorveronderstellinge van vorige "Pentateuchforschung" bloot te lê en om die hermeneutiese sirkel opnuut te bekijk. Hy toon aan dat Wellhausen en Gunkel se resultate bepaal is deur hulle uitgangspunt naamlik historisme en romantisme. Von Rad se werk moet weer gesien word as 'n poging om historisme te oorwin. Schmid se standpunt is dat die voorveronderstellinge van die bronnenteorie nie meer geldig is nie en dat die bronnenteorie as sodanig dus ook bevraagteken moet word. Elke ondersoeker wat na nuwe 'n oplossing soek, moet bewus wees van die gevaar om sy eie voorveronderstellings in die teks te projekteer.

Schmid se eie opvatting oor die ontstaan van die Pentateug is natuurlik vervat in "Der sogenannte Jahwist. Beobachtungen und Fragen zur Pentateuchforschung" (1976):

M Weinfeld (Jerusalem): "Old Testament - The discipline and its goals."

Hierdie Joodse geleerde toon aan dat die studie van die O.T. en die "Pentateuchforschung" by name, in 'n krisis verkeer. Hy neem egter (m.i.) 'n terugwaartse stap deur die belangrikheid van Assiriologie en Egiptologie as vergelykingsmateriaal ter oplossing van byvoorbeeld die pentateugprobleem, oor te beklemtoon. In die referaat het hy sy hand 'n bietjie oorspeel deur 'n karikatuur van die histories-kritiese metode te probeer maak. Dit het natuurlik geweldige reaksie van veral die Duitse geleerdes uitgelok wat Weinfeld se referaat openlik gerepudieer het.

D Miller (Richmond, VSA): "Psalms and Inscriptions":

Miller toon aan dat terwyl die Bybelse Psalms redelik volledig bestudeer is in die lig van die literêre nalatenskap van Mesopotamië, Egipte en Sirië, daar te min aandag gegee is aan die verhouding van die Psalms tot sowel die corpus van Hebreeuse inskripsies as inskripsies uit naburige lande soos Moab en Ammon. Hy vergelyk veral die inskripsies van Khirbet el Qom en Khirbet Beit Leit met die Psalms en vind groot ooreenstemming wat Gattung, formele en poëtiese eienskappe, woordeskat en inhoud betref.

3 Algemene opmerkings

Die bywoning van buitelandse internasionale konferensies hou besliste voordele vir die wetenskap hier ter lande in:

* Dit bied die geleentheid aan die navorser om hom eerstehands op hoogte te stel van die nuutste ontwikkelinge op die vakgebied. Hierdie kennis kan positief aangewend word by dosering en navorsing.

* Die uitgebreide uitstalling van die jongste vakliteratuur bied 'n unieke geleentheid om aanbevelings aan plaaslike universiteitsbiblioteke met die aankoop van boeke te maak.

* Waardevolle persoonlike en akademiese kontak kon met beroemde geleerdes opgeneem word. Op die wyse kan 'n mens as skakel dien en aanbevelings maak aan S.A. studente en kollegas wat in die buiteland wil gaan navorsing doen. Hier kan veral die volgende name genoem word van geleerdes met wie kontak gemaak is: A S van der Woude (Groningen), M J Mulder (Leiden), W Beuken (Amsterdam)

J Scharbert (München), H Graf Reventlow (Bochum), H Gese (Tübingen), R Smend (Göttingen), W Zimmerli (Göttingen), E Jenni (Basel), G Föhrer (Jerusalem), J Barr (Oxford), J A Emerton (Cambridge), H Jagersma (Brussels), J A Soggin (Rome), M Dahood (Rome).

*n Internasionale kongres verbreed die navorser se eie insigte en dwing hom om opnuut na sy eie metodologie en voorveronderstellinge te kyk.

*Die bywoning van 'n internasionale konferensie en die lewering van 'n voordrag bring die navorsing wat in die RSA gedoen word ook onder die aandag van oorsese navorsers.